

Geliefde Lourensrivierder

Hoop jy het vanaf verlede Sondag bietjie gaan broei oor jou gawes en talente.... Die Fokusteks oor die gawes/talente gaan hierdie week aan en daar was iets wat my geraak het in die teksgedeelte.....

1 Kor 12:22-24 "Inteendeel, die lede van die liggaam wat as die swakste voorkom, is juis noodsaaklik, en dié wat vir ons minder mooi lyk, klee ons met groter sorg. So word ons minder aansienlike dele besonder mooi gemaak, terwyl die aantreklike dele dit nie nodig het nie. God het die liggaam so saamgestel dat Hy groter eer gegee het aan die lid wat eer kortkom."

Is dit nie wonderlike nuus nie!!!



NUUSKRUMMELS: 24 Januarie 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

Voel jy
niks werd...
nutteloos... doelloos...

of is jy iets
werd?

Kom vind uit
Sondag oggend,
27 Jan '19
@ 09h00

Lourensrivier
Gemeente

GEBEDSKURSUS:



Ons Gebedskursus is gratis en word elke Donderdagoggend @ 09h00 aangebied. **Dit begin weer op 7 Februarie (nie 2de nie).** Kom woon dit asb by, jy sal nie spyt wees nie.

Kom reis saam om God te ontmoet, deur Hom verander te word en jou roeping te ontdek.

Kom leer ook hoe om die Bybel effektief te gebruik om met God te kommunikeer en Sy stem te hoor vanuit Sy lewende Woord.



Navrae of registrasie vir kursus: kontak Kerkkantoor @ 021 853 5991

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

BERG-EN -SEEKLUB VIR SENIOR BURGERS

Byeenkoms: Donderdag 7 Februarie 2019 @ 09:30

Plek: Moedergemeente Somerset Wes, Andries Pretoriusstraat, SW

Onderwerp: Die Spiritualiteit van Humor: medisyne vir suurknolle, verbitterdes en verstokte mense
Die sopraan, Louise Senekal tree tydens die byeenkoms op

Koste: R15 besoekers, R10 lede. Almal hartlik welkom!



SUIDER-STRAND GEMEENTE NOOI U

TURKSE AAND MET MARTIN EN PETRO DE LANGE

Vrydag 8 Februarie
Suider-Strand Gemeente
19:00 - 21:00

KAARTJIES BESIKBAAR
BY DIE KERKKANTOOR
R50 PP

NUUSBROKKIES UIT DIE OMGEWING



NPO Reg. No: 132-328

PBO No: 930047057

NPO Reg. No.: 132-328

PBO No: 930047057

"Bringing hope to the destitute"

INVITE TO VOLUNTEERS BRIEFING: 'looking at the year ahead'

Wednesday - 23 January 2018 from 6.15pm till approximately 8pm at Turn Around offices - Strand.

It would be great if you joined us for our volunteers get together on the 23rd of January 2019. We will have a brief overview of successes and learning points from the past year(s). This helps to inform the way forward.

Turn Around has a fantastic group of volunteers and staff and we are looking forward to the exploits and opportunities that lay ahead for us in 2019. We will be discussing an overview of the Turn Arounds' vision and plans for the year(s) ahead and it would be awesome if you could be part of this.

It would be helpful if you could confirm, your attendance to Susan on 061 399 4460.

Looking forward to seeing you there.

Kenneth Bingham
Chairperson

Dear Friends, you
are invited to
Turnaround annual
volunteer meeting.

Regards
Susie Pedro
0613994460

The Ark Christian School / Beachcomber Charity Golf Day



Date: Friday, 8 February 2019

Venue: Strand Golf Club

Competition: 4ball betterball Stableford

1st Tee-Off Time: 12h00

Last Tee-Off Time: 13h52

Cost: R400p.p / R1 600 per 4ball

(includes evening dinner, prizes, AUCTION and
Lucky draws)

*excluding golf carts, prior booking with Golf Club



CONTACT DETAILS:

Jack Mahoney -

CELL NR: 082 787-5993 *EMAIL: jackark@gmail.com * WEBSITE:

www.theark.org.za - www.thearkchristianschool.co.za

Vasti Bailey -

OFFICE : (021) 843-3927 * FAX NR: (021) 843-3013 *EMAIL:

p.r.o.arkcity@gmail.com

KNIEWERK

- ✦ Natasha Latsky vir spoedige en volkome herstel na operasie
- ✦ Willem Botes vir spoedige en volkome herstel na knieervanging
- ✦ Johan Strydom – kanker
- ✦ Yvonne Blom het baie goeie nuus ontvang na operasie, dankie Here!
- ✦ Bid asb vir ons leraars en hul vroue in hierdie tyd van verandering

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG,

27 JANUARIE SE BOODSKAP: 1 KOR 12:12-31 (3DE WEEK NA EPIFANIE – LEOPOLD)


Ons is tans in die kerklike jaar in die tyd van Epifanie. Die woord epifanie beteken letterlik "verskyning". Ons dink in hierdie tyd (wat volg op Advent en Kerstyd) na oor die verskyning van God se lig en goedheid in die wêreld. Die Lig skyn in die duisternis van ons wêreld. Ons dink na oor Jesus se bediening en hoe ons as sy dissipels Hom moet navolg.

Die teks praat oor ons gemeente, oor die geloofsgemeenskap wat die Here hier op aarde kom skep het. Hoe is ons deel van die verskyning van die Lig in die wêreld? Wat vra ons teks van Christusvolgelingen met betrekking tot ons funksionering as liggaam van Christus in die wêreld? Hoe lyk dit wanneer God se gemeente prakties lewe in die lig wat van God uitstraal?

Wanneer ons praat oor ons lewe in die lig, help dit om eerlik te wees oor ons eie gebreke en tekortkominge. Ons hoef dit nie te grimeer en ons uitdagings onder die mat in te vee nie. Ons het die Gees ontvang wat ons in die waarheid lei en ons bemagtig om in die lig te lewe. Om "in Christus" te wees, het 'n individuele dimensie. Elke mens word daardeur persoonlik aan Christus gebind. Wanneer jy "in Christus" is, kry jy egter deel aan al die ander mense wat – soos jy – ook "in Christus" is. Paulus gebruik hiervoor die woord "gemeenskap". Dit beteken dat almal wat "in Christus" is, deur liefdesbande aan mekaar gebind word.

Jesus Christus, ons weet wat U opdragte is.
Laat dit dan ons lewenswyse bepaal:
laat ons die wat honger is iets te ete gee,
laat ons die wat dors het, iets te drinke gee,
laat ons klere gee vir hulle wat sonder klere is,
laat ons vreemdelinge verwelkom,
laat ons siekes en gevangenes besoek.
Dan sal U wat regverdig oordeel vir ons sê:
Kom, julle wat deur my Vader geseën is!
Die koninkryk is van die skepping van die wêreld
af vir julle voorberei.
Neem dit as erfenis in besit. Amen.
(Bisantynse vespers/gebede)

Bron: <http://preke.bybelmedia.org.za/>



Hier is 'n inspirerende liedjie van Casting Crowns oor die liggaam van Christus:
https://www.youtube.com/watch?v=9_7j1SMuTN0&list=RD9_7j1SMuTN0&start_radio=1
(Kliek op skakel)

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE